**Woensdag 4 Oktober**
**Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:31-34 (AFR83/2020)**
**Werk as die soeke van die koninkryk**

Die Here Jesus moedig ons aan om nie bekommerd te wees oor die dag van môre nie, maar eerder ons vertroue en hoop te stel in God se plan vir die toekoms. Spreuke en Jakobus druk weer op die hart dat ons altyd kinderlik nederig moet bly en nie op die onsekerheid en onvoorspelbaarheid van môre moet roem nie (Jak. 4:13; Spr. 27:1).

’n Christen leef moedig en geanker in die hede, want die Here is getrou. Hy is gister, vandag en môre altyd dieselfde, by en met ons. Gister is verby. Môre is nog nie hier nie. Al wat ons het, is vandag! Beteken dit dat ons nie voorsorg hoef te tref vir later, of moet beplan vir die toekoms nie? Beslis nie! Logika en die Bybelse rentmeesterskapsbeginsel dui tog daarop dat ons, as God se beelddraers, eendag aanspreeklik gehou sal word vir die manier waarop ons die gawes, wat vandag aan ons toevertrou is, bestuur het (Matt. 25:14-30).

In ons teks bied Christus die geheim vir ’n sorgvrye lewe. Absolute vertroue in God se voorsienigheid! Vertroue in God verdryf vrees! ’n Fokus op God se koninkryk en ’n ywerige soeke na sy wil waarborg die seën! Die Vader weet wat ons, sy kinders, nodig het. Hy weet wat ons moet eet, drink en aantrek. En omdat Hy ons in Jesus Christus liefhet en ’n sorgsame Vader wil wees, ontvou daar elke dag uit sy hand alles wat ons na liggaam en siel nodig het. Alles!

Hoe goed is dit tog om so te mag leef! Jy kan jou losmaak van wat agter is, want gister is verlede tyd. Jy hoef ook nie ’n beklemming in die hart te voel oor môre waaroor jy in elk geval geen sê of beheer het nie. Span eerder vandag al jou kragte in om God se koninkryk te soek en sy wil te doen. Doen nét dit – elke dag. Tot op die laaste dag wanneer die Koning ook van jou sal sê: *“Mooi so! Jy is ’n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!”*

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)*